Gimmie Griffie

19 Oktober 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 31***

GEAGTE OUERS

Geluk aan die volgende matrikulante met pragtige toekennings by die prysuitdeling:

Duxleerders: Marené Coetzee en Jeanetta du Toit
Gimmie-leerder: Dané Holtzhausen
Senior sportseuns: Botha du Toit en Landré Halgryn
Senior sportdogter: Liandri van der Westhuizen
Topprestasie in sport: Hermé Nel
Senior kultuurseun: Victor Mouton
Senior kultuurdogters: Zandelle Meyer en Christi Olivier
Uitvoerende kunstenaar: Zandelle Meyer
Gimmie-*Guts*: Danielle de Lange

Dankie aan mev. Fouché en haar span wat 'n pragtige funksie gereël het. Dankie aan al die ouers wat die geleentheid bygewoon het. Die erediens was verrykend en ons almal dra die leerders in ons gebede op.

Baie sterkte aan al ons leerders met die eksamen. Werk hard en glo dat dit goed sal gaan. Graad 8 tot 11 moet tot Dinsdag 23 Oktober by die skool wees. Die eksamenrooster is aangeheg.

Ons benodig dringend ekstra hulp met die eksamentoesig. Indien enige van u bereid is om hiermee te help, kontak asseblief vir mnr. Johan Benson by 076 091 0916.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag 23 Oktober
Eksamen begin: Graad 12
Landloop: Liga 4

Woensdag 24 Oktober
Eindeksamen begin: Graad 8-11

Donderdag 25 Oktober
HERALD: NWU Sportster van die jaar-funksie

Vrydag 26 Oktober
Rugby: Afrigtersafsluiting

Saterdag 27 Oktober
Tennis o/13, o/14 & o/17 (op uitnodiging)

ATLETIEK

Na afloop van die Top 20-atletiek-byeenkoms by Hoërskool Hans Strijdom, het die volgende atlete meer as 1000-tabelpunte verwerf: Lee-Ann Grobbelaar (D o/14 spiesgooi - 1057 punte), Nardus Swart (S o/16 110m hekkies - 1102 punte), Wiané Joubert (D o/15 spiesgooi - 1200 punte), Phemelo Molale (S o/14 verspring - 1200 punte en 200m - 1064 punte), Danielle Verster (D o/15 3000m - 1019 punte). Riandi Boshoff (D o/14 diskus - 1121 punte) en Karmen Fouché (D o/15 verspring - 1058 punte en hoogspring 1011 punte).

Baie geluk aan Wiané Joubert wat as die beste o/15-dogtersatleet aangewys is.

Baie sterkte met hierdie naweek se NWU Top 30-byeenkoms.

KRIEKET

Gimmies het die naweek teen Volkies en Brits in die semifinaal gespeel. Die eerstespan het met 112 lopies verloor. Duan Jansen het ‘n baie goeie vyftigtal geslaan.

Die o/15A-span het teen Volkies verloor.

Die tweedespan het in moeilike omstandighede teen Hoërskool Brits verloor.

Die 4de-span het teen KHS se 2de-span (NW: 3de liga semifinaal) gespeel en wen met 7 paaltjies. Philip Botha teken 89 onoorwonne lopies aan.

Die o/15B-span het teen Rustenburg se o/15B (NW: o/15B Superliga-semifinaal) gespeel en verloor met 9 lopies. Marx Steenkamp neem 5 paaltjies en Wolfie Hamm teken 86 lopies aan.

Baie geluk aan die volgende spelers wat in die onderskeie NW-spanne opgeneem is: Colleen Oosthuizen (D o/16), Ane van Wyk (D o/19), Ronald Hendricks (S o/17), Simpiwe Mkhwanazi (S o/17), Junior Mathe (S o/17), Duan Jansen (S o/19) en Marco Jansen (S o/19).

SWEM

Die swemspan het op 13 Oktober aan die uitnodigingsgala by Menlopark Hoërskool deelgeneem. Die uitslae was soos volg:

Juandré Uys: individuele wisselslag (2de), vlinderslag (5de), vryslag (5de) en borsslag (1ste).

Theo Ferreira: individuele wisselslag (5de), vlinderslag (4de) en vryslag (4de).

William Slaughter: individuele wisselslag (10de), rugslag (3de), vlinderslag (9de) en vryslag (2de).

Jack Cameron: vlinderslag (12de), borsslag (9de) en vryslag (12de).

Reynard Rossouw: vlinderslag (1ste), rugslag (5de) en vryslag (2de).

Aldin Bothma: vlinderslag (9de) en rugslag (9de).

Brendon Jacobsz: rugslag (11de) en borsslag (9de).

Seuns o/16 wisselslag-aflos (3de) en seuns o/16 vryslag-aflos (3de).

Gimmies het op 17 Oktober die jaarlikse Prestige-gala aangebied. Die uitslae was soos volg:

1ste: Rustenburg
2de: Potchefstroom Gimnasium
3de: *Girls High*
4de: Ferdinand Postma
5de: Volkskool
6de: *Boys High*

Individuele uitslae:
Jana van Oudtshoorn: borsslag (1ste), IM (2de) en rugslag (3de).
Alsuné du Toit: vryslag (2de) en vlinderslag (3de).
Lindie Meyer: vryslag (3de).
Conrad Jordaan: borsslag (2de) en rugslag (3de).
Jack Cameron: vryslag (1ste) en vlinderslag (3de).
Jeandré Uys: borsslag (1ste) en IM (2de).
Reynard Rossouw: vlinderslag (1ste) en vryslag (2de).
Micha Kriek: rugslag (2de).
William Slaughter: rugslag (1ste - rekord) en vryslag (1ste)
Theo Ferreira: IM (1ste), vlinderslag (1ste) en borsslag (2de).
Brendon Jacobsz: borsslag (1ste) en vryslag (2de).
Aldin Bothma: rugslag (1ste) en vlinderslag (2de).

Baie geluk aan William Slaughter was as Senior Victor Ludorum aangewys is.

SKAAK

Baie geluk aan die volgende o/17-spelers wat die Noordwes-finaal gewen het: Anaïs Saayman, Niel Bekker, Wiehan Jonker, Henko Labuschagne, Juan-Naudé Aslett en Christiaan Cloete. Gimmies is trots op julle!

SANG

Baie sterkte aan Lara Badenhorst wat deurgedring het na die NWU Konservatorium se Beurswennerskonsert wat op 23 Oktober plaasvind.

EKSTERNE MUSIEK-EKSAMENS

Alle leerlinge wat in eksterne musiek-eksamens (prakties, sowel as teorie) presteer, ontvang ‘n toekenning by die prysuitdeling. Die eksameninstansies wat erken word, is UNISA, ABRSM (*Associated Board of the Royal Schools of Music),* TRINITY COLLEGE en ALMSA.

Leerders wat reeds eksamen afgelê het, asook leerders wat nog in November eksamen gaan aflê, moet hulle name vir mev. Francis de Wet gee. Alle uitslae moet voor / op Vrydag 25 Januarie 2019 by mev. De Wet ingehandig word.

SIMFONIA JUVENTI

Oudisievorms vir bogenoemde orkes is by mev. Francis de Wet in k.76 beskikbaar. Leerders wat ‘n simfonie-orkes instrument bespeel op ‘n standaard van graad 5 of hoër, is welkom om aansoek te doen.

SASIMA

Geleentheid vir alle Gimmie-ouers!

Ons skoolkoerant, die Sasima, word aan die einde van November uitgegee. Daar word 10 000 volkleurkopieë as bylaag in die Herald versprei.

Ons benodig nog fondse om hierdie uitgawe die lig te laat sien en vra dat u asseblief u dienste of besigheid teen ‘n baie billike tarief sal adverteer.

Kontak mev. Mizelle Prinsloo per e-pos: gdprinsloo@gmail.com

U ondersteuning word opreg waardeer.

CACHET FONDSINSAMELING

Ons vra alle Gimmie-ouers om asseblief die koshuisdogters te ondersteun. Hulle gaan vanmiddag voor die skool blikskud om fondse in te samel om die koshuiskamers te verf.

Class of
2018
This is for YOU!
GDT STUDIO is proud to announce career opportunities not to be missed. These opportunities will give you the key to a career filled with unlimited possibilities.
One of the career opportunities will be to become a qualified CAD Draughting Designer. COURSE TITLE: CHAMBER OF MINES OF SOUTH AFRICA CERTIFICATE IN MINE SURVEY DRAUGHTING. (Computer aided Draughting (CAD). This is an internationally recognised one-year course). The Draughting Certificate is the first step to a career as a CAD Draughting designer, within the Mining industry or any CAD Draughting Environment. Young designers are needed to develop, design and improve the CAD world.
This course was the stepping stone to many CAD Managers, Senior Draughting Designers and Designers running their own companies today.
Don't miss out on this opportunity. Contact us if you have any questions.
Contact Johan Ollwagen: 083 354 3196
Ciska Engelbrecht: 082 578 2906
or send us a mail to info@gdtstudio.co.za
GDT STUDIO
Geospatial Development & Technology Studio
Watch this space!
www.gdtstudio.co.za
GDT STUDIO
Geospatial Development
& Technology Studio

Datum	Sessie	Graad 12	Graad 11	Graad 10	Graad 9	Graad 8
Di 23/10	1	EHL & FAL P1 (2h)				
	2					
Wo 24/10	1	RK (3h)	**LO(2½h)**	**LO (2½h)**		
	2					
Do	1		IT V1 (4h)	EHL P1 (2h) E FAL P1 (2h)	Wisk (1½h)	
25/10	2	IT 2 (3h)	IGO V1 (3h)			Afr V3(1½h)
Vr 26/10	1	W 1 (3h) WG 1 (3h)	LW V1(2½h)	LW V1 (2½h)		
	2					
Ma 29/10	1	W 2 (3h) WG 2 (3h)	EK V1 (2h) Mu (3h)	LW V2 (2½h)		
	2	VK (3h)				
Di 30/10	1	GEO 1 (3h)		RTT V1 (3h)	NW Projek (1h)	ENG P1 (2½h)
	2	GEO 2 (1½)	EHL P1 (2h) FAL P1 (2h)	RTT V1 (3h)		
Wo 31/10	1		RTT V1 (3h)	RK V1 (2h)	ENG P4 (1½h)	LO (2h)
	2		RTT V1 (3h)	OK (2h)		
Do 1/11	1	AFR 1 (2h)	EHL P2 (2½h) FAL P2 (2h)	IT V1(4h)	WISK (1½h)	AFR V2 (2h)
	2	EK 1 (2h)		IGO V1 (2h)		
Vr 2/11	1	FW(Fisika) (3h)	AFR 1 (2h)	EHL (2½h) FAL P2 (2h)		
	2		EFAL P3 (2h)	EFAL P3 (2h)		
Ma 5/11	1	FW (Chemie) (3h)	LW V2 (2½h)	VS (3h)		
	2	RTT 2 (3h)		IT V2 (2½h)		
Di 6/11	1		RK (3h)	EK V1 (2h)	TEG (2h)	WISK 1(2h)
	2	EK 2 (2h)	VK (2h)			
Wo 7/11	1		AFR 2 (2½)	AFR V2 (2½)	LO (2h)	GEO (2h)
	2					
Do 8/11	1	EHL 2 (2½h) EFAL 2 (2h)	EK V2 (2h)	BS V1 (2h)	EBW V2 (2h)	WISK (2h)
	2	ST (3h)				
Vr 9/11	1	LW 1 (2½h)	FW V1(2h)	W V1 (2h) WG V1 (2h)		
	2					
Ma 12/11	1	LW 2 (2½h)	FW V2 (2h)	W V2 (2h) WG V2 (2h)	AFR V3(2h)	
	2	IGO 1 (3h)				
Di 13/11	1		RTT V2 (3h)	RTT V2(3h)	WISK 1(2h)	EBW (1½h)
	2	VS (3h)				
Wo 14/11	1	AFR 2 (2½h)	GEO V1 (2½h) MU 2 (1½h)	GEO 1 (3h) MU	ENG P2 (2h)	
	2		GEO V2 (1½h)	GEO 2 (1½h) MU		
Do 15/11	1		BS (3h)		GEO (2h)	GESK (2h)
	2			BS V2 (2h)		
Vr 16/11	1		W V1 (2h) WG V1 (2h)	FW V1(2h)	ENG P3 (2h)	
	2	DRAMA (3h)				
Ma 19/11	1		W V2 (2h) WG V2 (2h)	FW V2 (2h)	WISK 2 (2h)	
	2	IGO 2 (3h)				
Di 20/11	1		IT V2 (3h)	RK V2 (2h)	GESK (2h)	TEG (2h)
	2		IGO V2 (3h) MU V3	MU 1(2½h)		
Wo 21/11	1			AFR 1(2h)	AFR V2(2h)	NW (2h)
	2		VS (3h)	IGO V2(2h)		
Do 22/11	1	BS (3h)	OK (2h)	EK V2 (2h)	EBW V1 (2h)	K & K (2h)
	2					
Vr 23/11	1	AFR 3 (2½h)	DRAMA (2h)	VK (2h)	K & K (2h)	
	2			MU V2 (1½h)		

Ma 26/11	1	EHL & FAL 3 (2½h)		DRAMA (2h)	NW (2h)	
	2					
Di 27/11	1	MU TEORIE (3h)				
	2	MU BEGRIP (1½h)				
Wo 28/11	1					
	2	OK (3h)				
Do 29/11	1					
	2					

EKSAMENREËLS VIR LEERDERS

Enkele belangrike sake vir u aandag:

- Alle leerders wat skryf, moet vir die eerste sessie om 07:30 by die skool wees. Vir die tweede sessie moet hulle om 10:30 aanmeld en dieselfde prosedure word gevolg as vir die eerste sessie. Die handboeke word op die laaste dag wat die vak geskryf word, 'n halfuur voor die skryfsessie by die vakpersoneel ingegee.
- Leerders gaan direk na die lokaal waar hul eksamen skryf.
- Leerders moet om 07:40 of 10:40 sit.
- Vraestelle word om 07:45 of 10:45 uitgedeel en voorgelees.
- Stillees van vraestelle van 07:50-08:00 of 10:50-11:00.
- Skryfsessie begin om 08:00 of 11:00 tot einde van vraesteltyd.
- 'n Beroep word op leerders gedoen om asseblief die tydreëlings te gehoorsaam.
- Geen studiemateriaal of papiere mag in die lokaal ingeneem word nie.
- Sakke en tasse moet voor in die lokaal geplaas word tydens skryfsessie.
- Geen selfone, eet- en drinkgoed word in eksamenlokaal toegelaat nie.
- Ouers en leerders moet daarop let dat **ALLE REËLS** ten opsigte van voorkoms en netheid steeds tydens die eksamen geld. Daar sal gereeld voorkomsinspeksie gedoen word. Ons versoek almal se samewerking in die verband om onnodige probleme te vermy.
- Aangesien hierdie eksamen bepalend kan wees vir SLAAG of DRUIP van 'n leerder, rig ons 'n versoek aan alle ouers om toe te sien dat leerders doelgerig sal studeer en die erns van die eksamen besef.
- Volgens die departement behoort alle leerders tydens die eksamen by die skool te wees. Indien leerders 'n vraestel mis weens afwesigheid, sal nul toegeken word, tensy die afwesigheid met 'n doktersbrief gestaaf word. Op dae wat die leerders nie skryf nie, vereis ons 'n gewone brief of e-pos van u as ouer.

Wanneer koshuisleerders klaar geskryf het, moet hul onmiddellik na die onderskeie koshuise beweeg, waar die diensdoenpersoneel reëlings met hulle tref.